“My seun, gee My jou hart” (Spr.23:26)

Toe Mussolini Abessinië gedurende die aanloop tot die Tweede Wêreld Oorlog wou binneval, het Engeland met hom probeer onderhandel deur vir hom ’n stuk Noord – Afrikaanse woestyn aan te bied. Die diktator het met hierdie trotse woorde geantwoord: “Ek is nie ’n woestynversamelaar nie.” Hy wou die hoofstad Addis Ababa hê! In hierdie stukkie geskiedenis lê ’n tragiese geestelike les opgesluit; ons probeer so dikwels om van God ’n woestynversamelaar te maak.
Ons volg ’n soort paaipolitiek; Ons durf Hom nie heeltemal ontken nie, maar ons wil Hom ook nie voluit dien nie. Ons leef ’n kompromielewe; Hy mag die droë, woestynagtige randgebied van ons lewe kry. Ons dink dat die uiterlike, meganiese dinge wat ons doen, soos om Sondae kerk toe te gaan, so vat-vat Bybel te lees, om die nuutste projek om geld in te samel te ondersteun en om in die kerk te trou en dood te gaan, God sal behaag. U weet seker dat u Hom nie met hierdie kompromiepolitiek te vrede kan stel nie. Hy wil jou “Addis Abeba” hê! Hy wil jou hart hê. Hy wil seggenskap oor daardie gedeelte van jou lewe hê wat die kwaliteit van jou diepste “ek-wees” bepaal. Aan die Fariseërs van daardie tyd het Jesus gesê: “*Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak. Want uit die hart kom slegte gedagtes… Want uit die oorvloed van die hart praat die mond*” (Matt.15:18-20, 12:34).
Dit is op hierdie punt dat die Woord van God ’n krisis in elkeen se persoonlike lewe veroorsaak. God wil ons hart hê! *“… gee my jou hart…En Ek sal julle ’n nuwe hart gee en ’n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ’n hart van vlees gee…en Ek sal My Gees in jul binneste gee…en Ek sal julle verlos van al jul onreinhede*…(Eseg.36:26-29).
Dit is dan ook hier waar godsdienstige “nuwejaarsresolusies” en ware Goddelike ingryping verskil; eersgenoemde skaaf met tyd af en dan sit ek maar net weer met my ou “self.” Laasgenoemde veroorsaak ’n wonderwerk wat die diepste lewenskern van my bestaan raak – dit beïnvloed my huwelik, my gesinslewe, my verhoudinge, my werk, my smart en my blydskap – dit beïnvloed my hele lewe en my sterwe.
Dan het ek nie net my hoofstad, “Addis Abeba” aan God gegee nie, maar my hele “Abessinië.” Dít is wat onvoorwaardelike oorgawe beteken.

Hoe gee ek my hart vir Jesus? Dit moet ’n sug wees wat uit jou binneste kom. “Here, ek gee U my hart. Vergewe my dat ek vir so lank daaraan bly klou het. Ek vra U om vergifnis vir al my sondes van die verlede. Kom bly in my en herskep my. Dankie, Here Jesus!

Nick Maartens
Langenhovenpark, Bloemfontein
O827826074
E-pos: nickmaartens@hotmail.com
Webtuiste: www.nickmaartens.co.za